

2 Mei 2020

Aandag AKL Administrasie

Die regte van die AKL Admin sal binnekort weer herstel word, sodat die AKL Admin toegang het om met die lededata te werk. Die volgende is uiters belangrik so lees asseblief die dokument en bevestig aan die gebiedskantoor dat jy die dokument gelees en verstaan het.

Die volgende inligting mag verander word:

- grade regstel
- spelling van Naam of Van regstel (bv. kleinletters verander na hoofletters)
- lidmaatskap tipe regstel
- foto van lid oplaai
- betalings bywerk
- indien lid bedank - onaktief maak (deregistreer)

Die volgende ***mag onder geen omstandighede verander word nie.***

- Geen lid word aktief gemaak sonder inskrywings via die L-skakels nie.
- Geen intik, verandering of verwydering van SAS1 Reg # nie.
- Indien die lid twee keer op die ledelys verskyn moet dit nie verwyder nie. Kontak die gebiedskantoor wat dan die regstelling sal maak.

Indien data verander word, wat nie verander mag word nie, sal die persoon sy regte op SAS verloor.

Oorplasing van lede:

Indien daar lede is wat oorgeplaas moet word tussen kommando's, kan die L4 vorm voltooi en aan die betrokke gebiedskantoor gestuur word. Die vorm is beskikbaar onder Biblioteek/Die Voortrekkers/Vorms.

AKL Admin Werkgroep

Elke gebied het 'n werkgroep vir die AKL Admin's. Maak asseblief seker dat jy op die groep is. Indien nie, kontak die gebiedskantoor. Enige navrae **moet** na hierdie groep gestuur word en nie na die SAS 2 Opleidingsplatform nie.

Regte en Verantwoordelikheid

Slegs die AKL Admin van die kommando het toegang om die lededata te sien en te kan 'edit' (wysig). Die ander Kommandodagbestuurslede sal later toegang kry om ook die data te kan sien, sodra die AKL Admin sy dagbestuur kan help met enige navrae op SAS2.

Die AKL Admin kan ook data uitvoer, maar dit kan 'n groot risiko vir Die Voortrekkers wees indien die data in ongemagtigde hande beland. Daarom is dit belangrik om net die nodigste data uit te voer en nie al die inligting van die lede nie. **Verwyder die data van jou rekenaar wanneer jy klaar die nodige verwerkings daarmee gedoen het.** Daardeur hou jy jouself en Die Voortrekkers veilig.

Kommando e-pos adres

Vir die doeleindes van SAS het NK Organisasie opdrag gegee dat alle kommando's 'n generiese admin e-pos adres opstel, indien die kommando nog nie so 'n adres het nie, wat as kontak adres vir daardie kommando op die stelsel gebruik gaan word.

Die kommando werkgroep sal aan hierdie e-pos adres gekoppel word, verifikasievorms en enige ander inligting vanuit SAS sal na hierdie e-pos adres gestuur word. Die kommando kan hierdie e-pos adres ook gebruik vir administrasie en kommunikasie binne die kommando.

Die vereistes vir die kommando admin e-pos adres:

1. Hierdie adres moet die naam van die kommando bevat, nie die naam van die AKL Admin of enige ander individu nie.
2. Vir elke kommando sal net hierdie **een** e-pos adres op die stelsel gebruik word as kontakadres.
3. As die kommando nie 'n generiese e-pos adres het nie, moet dit geskep word, offisiere se eie adresse kan nie gebruik word nie.
4. Die adres moet nie aan iemand se werkgewer adres gekoppel wees nie.

Die voordele vir hierdie e-pos adres:

1. Dit vergemaklik die kommunikasie na die kommando vanaf SAS, m.a.w. die kommunikasie word nou na 'n kommando adres gestuur en nie 'n individu nie.
2. Dit vergemaklik die behoud van kontakinligting wanneer daar 'n nuwe AKL Admin verkies word.

KOERS

3. Die inligting bly binne die kommando en nie op 'n individu se rekening nie. Indien iets met die AKL Admin gebeur sou 'n ander lid van die Kommandodagbestuur die inligting steeds kan bekom deur die kommando e-posadres te gebruik.
4. Dit stel die AKL admin in staat om sy/haar eie profiel op SAS vir persoonlike doeleindes te kan gebruik.
5. Die kommando het dus nou sy eie SAS profiel en die AKL Admin sy/haar individule profiel.

'n Goeie voorstel is om 'n gmail rekening oop te maak. Dis baie maklik en vinnig.

Die kommando's word versoek om hul e-pos adres asseblief na AGL Jaco Erwee te stuur voor/teen **12 Mei** deur 'n private boodskap op SAS. Hoe gouer ons die e-pos adres kry, hoe gouer kan ons die oorplasing doen.

Voortrekkergroete



HOOFSEKRETARIS



KOERS